Doopdiens

Uittreksel van Pastoor Neser se boodskap: Eng/Afr. B128b

Skriflesing uit Matt.3:1-17

Kervers: 15 – 'Maar Jesus het geantwoord en vir Hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat.'

Graag wil ek u aandag vestig op vers 11 – let op dat daardie woord 'met water' 'n verkeerde vertaling is. Dit moet wees: 'in water'…

Daar word baie geredekawel oor hierdie aspek van die Woord, want hierdie woord 'doop' beteken net wat dit sê. As ek 'n beskuit in my koffie doop, dan sprinkel ek nie die koffie op die beskuit nie. Die woord in die Grieks is Baptitso en elke Griek sal vir jou kan sê dit beteken 'onderdompeling'.

Geliefdes, die Satan is nog altyd daarop uit om die Woord van God te verdraai – dit is hoe die sonde in die wêreld ingekom het. Selfs vandag word daar nog gevra: 'Het God gesê?' Maar ons Here Jesus het Self gekom en vir ons daardie voorbeeld kom stel.

Jesus het in die water ingegaan en uit die water opgekom en daar het 'n stem uit die hemel gekom en dit was die Vader wat gesê het: 'Dit is my geliefde Seun'…

Ons lees in die sendbriewe dat Jesus vir ons 'n voorbeeld nagelaat het, sodat ons in Sy voetspore kan volg. Hoe baie mense is daar in die wêreld wat Jesus se lof sal besing, Hom sal loof en prys, maar hulle sal Hom nie gehoorsaam wees nie?!